SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 13-Aug-2003
Topic: 19
Ref No: 4436
1
ID: 02982024-01
Source Page: 4

# Stel boere vry van grondbelasting – kenner

ANESCA SMITH

KAAPSTAD. – 'n Landbou-ekonoom van Pretoria wat deur die parlement genader is vir 'n onafhanklike mening oor hoe belasting op landbougrond gehef moet word, het gister aanbeveel dat boere in geheel kwytgeskeld word.

Die regerende party, die ANC, het egter reeds laat blyk dat hy dié versoek nie simpatiekgesind sal wees nie.

Prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria het gewaarsku dat die waardasie van grond munisipaliteite straks meer gaan kos as die belasting wat hulle op dié eiendom inkry.

Die portefeuljekomitee oor provinsiale en plaaslike regering bespreek tans die Wetsontwerp op Eiendomsbelasting. Kirsten is gevra om sy mening oor die "geldigheid en geloofwaardigheid" van die landbousektor se voorleggings in Mei.

Kirsten het gesê Suid-Afrika belas sy landbousektor, maar verwag van boere om internasionaal mee te ding met buitelandse boere wat groot staatsubsidies ontvang.

"Hoe kan ons van begunstigdes in die regering se grondhervormingsplan verwag om suksesvol te wees as ons 'n bedeling skep wat hulle benadeel?"

Volgens Kirsten is dit moeilik om landbougrond te takseer. Die proses kan ook groot finansiële druk op munisipaliteite plaas wat takseerders moet oplei en straks heroplei.

"Die verhoogde waarde wat vrugteboorde en wingerde tot byvoorbeeld landbougrond toevoeg, kan nie ingesluit word nie, omdat die verkoop van dié produkte reeds getakseer word deur inkomste- of maatskappybelasting. Boonop verander die waarde van dié produkte byna maandeliks.

"Daar kan ook herhaalde regsonkoste wees as die gronde vir die belasting in die hof betwis word," het Kirsten gesê.

Die wetsontwerp in sy huidige vorm laat dit hoofsaaklik aan die onderskeie munisipaliteite oor om eiendomsbelasting op landbougrond te bepaal.

Die voorsitter van die komitee, mnr. Yunus Carrim, het egter gesê hulle oorweeg dit ernstig om die nasionale regering meer voorskrewende magte te gee oor die kwessie.

Volgens hom kan Suid-Afrika se landbousektor nie met ontwikkelde lande s'n vergelyk word nie, met die ongelykhede wat nog in die sektor is en die unieke model vir plaaslike regering hier.

▸ asmith2@dieburger.com